

Vrae & Antwoorde

dablapmeds

The shortcut to your chronic medication

CCMDD: NHI initiative

VRAE

Wat is Dablapmeds?

Hoe bevoordeel dit my?

Beteken dit dat ek nooit weer die kliniek hoef te besoek nie?

Hoe kwalifiseer ek daarvoor?

Watter chroniese toestande word deur Dablapmeds gedek?

Die gesondheidsorgwerker by die kliniek het my nie van Dablapmeds vertel nie. Beteken dit dat ek nie daarvoor kwalifiseer nie?

Hoe weet ek wanneer om my medikasie te gaan kry?

Kan ek my afhaalpunt verander?

Wat gebeur indien ek 'n afhaaldatum mis?

ANTWOORDE

Dablapmeds is 'n kortpad om jou chroniese medikasie te kry. Dit stel pasiënte wat stabiel op hul chroniese medikasie, in staat om hul medikasie nader aan hul werkplek of huis op te laai, sonder om in lang rye te wag.

Dablapmeds bied jou die keuse om jou medikasie by 'n afhaalpunt nader aan jou werkplek of huis op te laai. Dit verseker dat jy nie in lang rye hoef te wag nie. Jy ontvang twee maande se medikasie op 'n slag en jy besoek die kliniek slegs twee maal per jaar.

As jy siek voel, moet jy die kliniek besoek. Dablapmeds is 'n gratis-en-gerieflike diens wat jou in staat stel om jou chroniese medikasie vinniger te kry as wanneer jy in 'n kliniek se ry moet wag.

Vra jou gesondheidsorgwerker of dokter om jou vir Dablapmeds te registreer indien jy:

- Stabiel is op jou chroniese medikasie.
- 'n Geldige ID, Paspoortnommer of Asielsoeker-nommer het en verkies om by die program aan te sluit.

Die gesondheidsorgwerker by die kliniek sal 'n volledige lys van toestande hê, wat onder andere die volgende insluit:

- Diabetes
- Hipertensie
- MIV
- Asma, en nog vele meer.

Jy mag dalk wel kwalifiseer. Vra jou gesondheidsorgwerker by die kliniek om seker te maak.

Die datums van wanneer jy jou medikasie moet gaan kry, word op 'n kaartjie vir jou neergeskryf. Bewaar die kaartjie op 'n veilige plek. Jy sal ook 'n SMS ontvang wat jou sal herinner om jou medikasie te gaan kry.

Ja, maar slegs met jou volgende besoek aan die kliniek wanneer jy 'n nuwe ses-maande voorskrif kry. Jy kan nie jou afhaalpunt in die middel van 'n voorskrif verander nie.

Maak seker dat jy ten alle tye jou afhaaldatum nakom. As dit nie vir jou moontlik is om jou medikasie te gaan haal nie, maak seker dat een van jou genomineerde gemagtigdes dit namens jou gaan haal. Afhaalpunte het meer gerieflike werksure wat dit vir jou makliker maak om jou afhaaldatum na te kom. Jou medikasie sal vir 14 dae by die afhaalpunt gehou word. Sou jy versuim om jou pakkie in die tyd te gaan haal, sal jy van die program verwyder word.

Jy is nou gereed vir 'n vinniger en korter pad na gesondheid met Dablapmeds, die kortpad na jou chroniese medikasie.

Oos-Kaap, Vrystaat,
Gauteng, Noordwes:
Tolvry – 0800 214 761

Limpopo, Mpumalanga,
Noord-Kaap:
Tolvry – 0801 516 176

KwaZulu-Natal:
Tolvry – 0800 212 350

The shortcut to your chronic meds.

Want to know how you can get your chronic medication quicker and more conveniently?

We have the answers.

CCMDD: NHI initiative

VRAE

Wat gebeur indien ek nie die medikasie wat aan my voorgeskryf is, ontvang nie, soos indien dit nie beskikbaar is nie, of indien ek die verkeerde medikasie ontvang?

Kan ek iemand anders stuur om my medikasie te gaan haal?

Kan 'n asielsoeker of iemand met 'n buitelandse paspoort vir Dablapmeds registreer?

Wat moet ek saamneem wanneer ek my medikasie gaan haal?

My selfoonnommer het verander.
Hoe verander ek dit op die stelsel?

Hoe verander ek die persoon wat ek as gemagtigde genomineer het om my medikasie namens my te gaan haal?

Ek is bekommerd dat my bure my medikasie sal sien.
Hoe word dit verpak?

Wat gebeur indien ek my Dablapmeds-kaartjie verloor?

Sal my afhaalpunt gedurende die COVID-19-pandemie oop wees?

ANTWOORDE

Kontak die tolvrye hulplyn wat op jou kaartjie aangedui is, of besoek jou kliniek.

Ja. Jy kan twee mense nomineer om jou medikasie namens jou te gaan haal. Die persoon wat die medikasie namens jou gaan haal, moet jou medikasie-kaart, jou ID en hul eie ID saamneem wanneer hulle jou medikasie gaan oplaai.

Ja. Sorg net dat jy jou paspoortnommer of asielsoeker-nommer saam met jou korrekte geboortedatum verstrek.

Jou ID, Paspoort of Asielsoeker-nommer, soos op jou kaartjie aangedui.

Skakel die hulplyn se tolvrye nommer, soos op jou kaartjie aangedui.

Stel die hulplyn op hul tolvrye nommer, soos op jou kaartjie aangedui, in kennis of verander die gemagtigdes met die hernuwing van jou voorskryf.

Dit word in 'n kartonhouer of sakkie verpak. Niemand sal weet wat in jou pakkie is nie. Dit word geseël.

Besoek die kliniek vir 'n nuwe kaartjie. Skakel die hulplyn se tolvrye nommer om uit te vind wanneer jou volgende afhaaldatum is.

Ja. Die aflewering van medisyne is noodsaaklike diens en dit sal nie onderbreek word nie. Jy sal nog steeds SMS-kennisgewings vir die aflewering van jou medikasie ontvang en afhaalpunte sal oop bly. Sou jou afhaalpunt om een of ander rede toemaak, sal jy SMS ontvang om jou van alternatiewe afhaalpunt in kennis te stel. Dis belangrik dat jy aanhou om jou chroniese medikasie op jou geskeduleerde afhaaldatum gaan haal.